Wet en Genade

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Eségiël 28:15, 16; Deuteronómium 4:44; Romeine 3:20; Deuteronómium 10:1–15; 5:6–22 en 9:1–6.*

Geheueteks: **“ ‘Ek verwerp nie die genade van God nie, want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe’ ”** *(Galásiërs 2:21)*.

Christene van die meeste denominasies ken die begrip wet en genade, en verstaan die verwantskap tussen die twee. Die wet is God se standaard vir heiligheid en geregtigheid, en om daardie wet te oortree, is om te sondig. “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid” *(I Johannes 3:4)*. En omdat ons almal die wet oortree het, — “Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde” *(Galásiërs 3:22)* — is dit net God se genade wat ons kan red. “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julle self nie, dit is die gawe van God” *(Efésiërs 2:8)*.

(Natuurlik is daar die “geringgeskatte inligting” oor die sewende dag as die Sabbat, wat deel is van die wet. En so is daar baie Christene wat vir verskeie redes, ten minste vir nou, vasberade is om die sewende dag as die Sabbat te verwerp, en met allerhande swak verskonings vorendag kom om hulle verwerping te regverdig. Maar dit daar gelaat, dis weer ’n ander onderwerp.)

Al word dit op verskillende maniere en deur middel van verskeie verhale en vertellings na vore gebring, word die tema van wet en genade regdeur die Bybel gevind, wat natuurlik die boek van Deuteronómium insluit. Ja, Deuteronómium bied die verwantskap tussen wet en genade ook aan, maar in ’n unieke konteks.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 13 November.*

Die hemelse wet

God is ’n God van liefde, en liefde is die oorkoepelende beginsel van sy karakter en die fondament van sy regering. En omdat God wil hê dat ons Hom terug moet liefhê, het Hy ons as morele skepsels met morele vryheid geskape, vryheid wat van nature deel van die liefde is.

En midde-in morele vryheid word die morele wet gevind. Alhoewel subatomiese deeltjies, seegolwe en kangaroos byvoorbeeld aan *natuurwette* onderworpe is, het hulle nie die morele wet nodig nie. Net morele wesens het die wet nodig, en dit is waarom God selfs in die hemel ’n morele wet vir die engele het.

Lees **Eségiël 28:15, 16 waar daar oor die val van Lucifer in die hemel gepraat word. “Ongeregtigheid” was in hom gevind, en hy het ook “gesondig”. Wat onthul die gebruik van hierdie woorde, met die hemel as konteks, oor die bestaan van ’n morele wet in die hemel?**

_____

_____

Beide “ongeregtigheid” en “gesondig” is woorde wat onder mense gebruik word. Maar die Skrif het dieselfde woorde gebruik vir wat in die hemel gebeur het, wat ’n ander deel van die skepping is. Dit behoort aan ons iets te sê oor wat in die hemel so wel as op die aarde bestaan.

“‘Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie, want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.’” *(Romeine 7:7)*.

Hoe **kan dieselfde gedagte, ten minste in beginsel, ook in die hemel van toepassing wees waar daar morele wesens – engele - bestaan?**

_____

_____

Soos Ellen G. White dit verduidelik: “Die wil van God word in Sy heilige wet uitgedruk, en die beginsels van hierdie wet is die beginsels van die hemel. Die hemelse engele bereik geen hoër kennis as om die wil van God te ken nie, en om Sy wil te doen, is die mees verhewe diens waarvoor hulle hul kragte kan inspan.” — *Die Meester se Onsterflike Rede*, bl. 109.

Hemel of aarde — dit maak nie saak nie: as God morele wesens het wat bestaan, sal Hy ’n morele wet hê wat hulle lei, en oortreding van daardie wet, in die hemel en op die aarde, is sonde.

Waarom is die idee van ’n morele wet onafskeidbaar van die idee van morele wesens? Wat sou, sonder die wet, bepaal het wat moreel en wat nie moreel is nie?

Die wet in Deuteronómium

Die Hebreeuse nasie, God se uitverkore volk, het uiteindelik op die grense van Kanaän gereedgestaan om die land wat God aan hulle beloof het, te ontvang. En, soos ons gesien het, bevat Deuteronómium Moses se laaste instruksies aan die Hebreërs voordat hulle die land sou inneem. En deel van daar instruksies was die bevele om gehoorsaam te wees.

Lees die volgende teksverse. Watter punt word herhaaldelik hier weergegee, en waarom is hierdie punt so belangrik vir die volk? *(Deuteronómium 4:44; 17:19; 28:58; 30:10; 31:12; 32:46 en 33:2)***.**

_____

_____

Selfs die mees oppervlakkige lees van die boek van Deuteronómium toon hoe uiters belangrik gehoorsaamheid aan die wet vir die Israelitiese volk was. In werklikheid was dit hulle verbondsverpligtinge. God het so baie vir hulle gedoen en sou aangehou het om baie vir hulle te doen — dinge wat hulle nie vir hulleself kon doen nie en wat hulle in die eerste plek nie verdien het nie (dis wat genade natuurlik beteken, God wat aan ons gee wat ons nie verdien nie). En al wat Hy as antwoord daarop gevra het, was hulle gehoorsaamheid aan sy wet.

Dis vandag nie anders nie. God se genade red ons, sonder die werke van die wet — "Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet" *(Romeine 3:28)* — en ons reaksie moet wees om die wet te gehoorsaam. Ons gehoorsaam die wet, nie om 'n tevergeefse poging aan te wend om daardeur gered te word nie —"aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde" *(Romeine 3:20)* — maar oor die verlossing wat so genadiglik aan ons gegee was. "As julle my liefhet, bewaar my gebooie" *(Johannes 14:15)*.

Deuteronómium kan beskou word as een groot aanskouingsles oor genade en wet. Deur genade word ons deur God gered deurdat Hy vir ons gedoen het wat ons nie vir onsself kon doen nie (net soos Israel nie self uit Egipte kon ontsnap het nie), om dan deur die geloof 'n lewe van gehoorsaamheid aan Hom en aan sy wet te leef. Vanaf Adam se sondeval tot en met hulle wat die tyd van benoudheid en die merk van die dier sal meemaak, is daar 'n volk wat as "hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar" *(Openbaring 14:12)* bekendstaan — God se verhouding met sy verbondsvolk is 'n verhouding van wet en genade. God se genade vergewe ons vir ons oortreding van sy wet, en God se genade help ons om ook sy wet te gehoorsaam, 'n gehoorsaamheid wat uit ons verbondsverhouding met Hom voortvloei.

Hoe kan ons die valstrik vermy om nie wetties te wees terwyl ons die wet van God onderhou nie?

Letov Lak

Ongelowiges wat redes soek om die Bybel te verwerp, verwys dikwels na ’n paar harde woorde in die Ou Testament wat deur God gespreek was. Die gedagte wat hulle wil beklemtoon, is dat die God van die Ou Testament hard, wraaksugtig en gemeen was, veral as jy Hom met Jesus sou vergelyk. Hierdie is nie ’n nuwe bewering nie, maar is nou net so foutief as wat dit was toe dit baie eeue gelede aangevoer was.

Oor en oor verwys die Ou Testament na die Here se liefde vir sy antieke volk Israel, hoe Hy net die beste vir hulle wou gehad het. En hierdie liefde word kragtig in die boek van Deuteronómium beskryf.

Lees **Deuteronómium 10:1–15. Wat is die direkte konteks van hierdie verse, en wat leer dit ons oor hoe God oor sy volk gevoel het, selfs nadat hulle gesondig het? Wat leer dit ons eintlik oor genade?**

_____

_____

God se genade en liefde vir Israel borrel oor in hierdie verse. Let veral op na verse 12 en 13. Hierdie is eintlik een lang sin, ’n vraag, ’n eenvoudige vraag: *En nou, Israel, wat eis die Here jou God van jou as net om die Here jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die Here jou God te dien . . . om te hou die gebooie van die Here en sy insettinge . . . dat dit met jou goed kan gaan?*

Regdeur hierdie vers word die woorde “julle” en “jy” in die Hebreeus in die enkelvoud gebruik. Hoewel God definitief met die nasie in die geheel spreek, van watter nut sal sy woorde wees as die volk, elkeen individueel, nie gehoorsaam daaraan is nie? Die geheel is net so goed as wat die som van die gedeeltes daarvan is. Die Here het met hulle een-tot-een gespreek, individueel, en met Israel as ’n nasie.

Ons kan ook nie die einde van vers 13 uitlaat nie: hou hierdie dinge *letov lak*, dit is, “dat dit met jou goed kan gaan.” Met ander woorde, God beveel die volk om gehoorsaam te wees, want dit is in hulle eie belang om dit te doen. God het hulle gemaak, God het hulle in stand gehou, God weet wat die beste vir hulle is, en Hy wil net die beste vir hulle hê. Gehoorsaamheid aan sy wet, aan sy Tien Gebooie, kan net tot hulle voordeel strek.

Die wet was al dikwels met ’n heining vergelyk, ’n muur wat beskerm, en deur binne die muur te bly, word sy volgelinge teen ’n vloed van booshede beskerm wat hulle kan verswelg en vernietig. Kortliks, omdat Hy sy volk liefgehad het, het God hulle sy wet gegee, en die rede daarvoor was “dat dit met jou goed kan gaan.”

Hoe het ons al hierdie woorde “dat dit met jou goed kan gaan” werklik ondervind omdat ons gehoorsaam aan God se wet was?

_____

’n Slaaf in Egipte

In die boek van Deuteronómium is daar ’n tema wat oor en oor herhaal word: die Here wat sy volk Israel uit Egipte verlos het. Oor en oor word hulle herinner aan wat God vir hulle gedoen het: “ ‘ en die Here het ons uit Egipte uitgelei deur ’n sterke hand en ’n uitgestrekte arm en deur groot skrikwekkende dade en deur tekens en wonders ’ ” *(Deuteronómium 26:8; lees ook Deuteronómium 16:1–6)*.

Regdeur die Ou Testament, om die waarheid te sê, word daar na die verhaal van die Uittog verwys as ’n voorbeeld van hoe God sy volk op ’n magtige en genadige wyse van slawerny en verdrukking uit Egipte bevry uit: “Ja, Ek het jou uit Egipteland laat optrek en jou uit die slawehuis losgekoop” *(Miga 6:4)*.

Selfs in die Nuwe Testament verskyn hierdie gedagte dat die Uittog uit Egipte deur God se groot krag ’n simbool van verlossing deur geloof in Christus is: “Deur die geloof het hulle die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars, toe hulle dit probeer, verdrink het” *(Hebreërs 11:29; lees ook I Korinthiërs 10:1–4)*.

Lees **Deuteronómium 5:6–22 waar Moses die wet, die Tien Gebooie, die fundamentele stipulasie van hulle verbond met Yahweh, herhaal. Let op na die vierde gebod en die rede wat daarvoor gegee word. Wat word daar gesê wat die realiteit van wet en genade openbaar?**

_____

_____

Moses herhaal die basiese gebod om op die sewende dag se Sabbat te rus, maar hy benadruk dit nog meer. Dit wil sê, hoewel dit volgens die boek Exodus op klip gegraveer was, brei Moses uit op dit wat reeds aan hom gegee was. Hou die Sabbat, nie net as ’n gedenkteken van die skepping nie, maar as ’n gedenkteken van verlossing uit Egipte uit. God se genade het hulle uit Egipte verlos en aangebied om hulle te laat rus van hulle werke *(Hebreërs 4:1–5)*. Nou moes hulle reaksie op die genade van God ook na ander uitgebrei word.

In hierdie geval word die sewende dag as die Sabbat nie net ’n kragtige simbool van die skepping nie, maar ’n kragtige simbool van verlossing en genade. Almal in die huishouding, nie net die kinders nie, maar ook die bediendes, die diere en selfs die vreemdelinge by hulle, kan rus. Die Sabbat brei die genade wat aan die Jode gegee was uit om ander in te sluit, selfs hulle wat nie deel van die verbondsvolk is nie. En dit word in die hart van God se wet gevind. Wat God genadiglik vir hulle gedoen het, moet hulle vir ander doen. Net so eenvoudig is dit.

Lees Matthéüs 18:21–35. Op watter manier word die beginsel in hierdie gelykenis in die Sabbatgebod geopenbaar wat veral in Deuteronómium beklemtoon word?

Nie deur jou geregtigheid nie

Die middelpunt van die Christelike geloof, eintlik van alle Bybelse geloof, is die belangrike lering oor regverdiging deur geloof alleen. "Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken" *(Romeine 4:3)*.

Ellen G. White se verduideliking hiervan is baie bekend: "Wat is regverdiging deur geloof? Dit is die werk van God om die mens se glorie (sy aansien) die stof te laat byt en dan vir hom te doen wat nie in sy mag is om vir homself te doen nie. Wanneer die mens sy eie nietigheid besef, dan is hy gereed om met die geregtigheid van Christus beklee te word." — Ellen G. White, *The Faith I Live By*, bl. 109, *(vry vertaal)*.

Sonder twyfel, wanneer jy in ag neem wie God is en hoe heilig Hy is, in teenstelling met wie ons is en hoe onheilig ons in vergelyking met Hom is, sal dit 'n buitengewone daad van genade neem om ons te red. En dit het: daardie daad van genade het by die kruis plaasgevind, deur Christus, die onskuldige een, wat vir die sondes van die skuldiges gesterf het.

Met hierdie konteks in gedagte, lees Deuteronómium 9:1-6. Wat sê Moses hier aan die volk wat op 'n dramatiese wyse die realiteit van God se genade aan die wat onwaardig is, openbaar? Hoe word die beginsel van regverdiging deur geloof deur wat hier gebeur, weerspieël?

_____

_____

As Paulus se lering oor die evangelie opgesom moet word, kan dit dalk in die volgende sinsnede in Deuteronómium 9:5 gevind word, "nie ter wille van jou geregtigheid en die opregtheid van jou hart" gaan God jou red nie. In plaas daarvan gaan Hy dit doen deur die beloftes van die "ewige evangelie" *(Openbaring 14:6)*, wat aan ons gegee word "nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is" *(II Timótheüs 1:9; lees ook Titus 1:2)*. As die belofte aan ons gegee was al "voor tyd begin het", kon dit sekerlik nie deur ons werke gewees het nie, want ons het nie eers bestaan "voor tyd begin het" nie, en dus het ons geen werke gehad nie.

Kortliks, ten spyte van jou tekortkominge, jou foute, jou hardkoppigheid, gaan die Here hierdie wonderlike werk vir jou en in jou doen. Daarom, as gevolg van wat Hy vir jou gedoen het, beveel die Here jou om Hom en sy wette te gehoorsaam. Die belofte was reeds gemaak, gegee en oorhandig: jou werke, jou gehoorsaamheid, selfs al was dit goed genoeg (wat natuurlik nie so is nie), is nie hoe verlossing plaasvind nie. Dit is die gevolg van verlossing.

Die Here het jou deur genade gered; nou, met sy wet wat op jou hart geskryf is en sy gees wat jou in staat stel, moet jy gehoorsaam wees.

Vir verdere studie: "Die vyand van Christus wat teen God se wet in die hemel gerebelleer het, het as 'n geskoolde, opgeleide generaal met al sy mag gewerk deur met een na die ander bedenksel vorendag te kom, vol misleiding, om die wet van God kragteloos te maak; die wet wat die enigste ware openbaarmaker van sonde is, en die maatstaf van geregtigheid." — Ellen G. White, *Review and Herald*, November 18, 1890, *(vry vertaal)*.

Twee triljoen melkweë of hemelstrate glinster in die heelal. Daar is een honderd biljoen sterre in elke melkweg. Die getal lyk so: 100,000,000,000. Twee triljoen melkweë, of 100 biljoen sterre elk, se somtotaal is 200,000,000,000,000,000,000,000 sterre.

Hier volg nou 'n beginsel vir dit wat bestaan: wat ook al deur iemand uitgedink en dan beplan word, moet groter wees as, en dit oortref, wat geskep word. Picasso is groter as en oortref 'n kunswerk wat deur Picasso geskep is. Die God wat ons heelal uitgedink en geskep het, moet groter wees as die heelal en dit ook oortref.

Met dit in gedagte, dink na oor die volgende teksvers: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" *(Johannes 1:1–3)*. Dit wil sê, die God wat alles geskep het wat geskep was, die 200,000,000,000,000,000,000,000 sterre en al die ander dinge — wat het Hy gedoen? Hy het "gekrimp" om 'n mensebaba te word, 'n sondelose lewe gelewe, toe op die kruis gesterf, en die prys vir ons sondes en boosheid betaal sodat ons die belofte van die ewige lewe kan hê.

Hierdie groot waarheid staan voor ons: die genade wat aan ons in Jesus Christus op die kruis gegee is. En wat vra God van ons in ruil daarvoor? "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense" *(Prediker 12:13)*.

Vrae vir bespreking:

❶ In die klas, kyk weer na die vraag aan die einde van Maandag se studie oor hoe mense wat daaraan glo om God se wet, die Tien Gebooie (insluitend die vierde) te hou, die subtiele valstrikke van wettiesheid kan vermy. Hoe verskil gehoorsaamheid, selfs streng en beginselvaste gehoorsaamheid, van wettiesheid, en hoe kan ons die verskil tussen die twee agterkom?

❷ Wat is sommige van die verhale wat jy self gehoor het oor hoe diegene wat verskriklike gevolge gely het omdat hulle die Tien Gebooie oortree het? Wat moet dit vir ons leer oor hoe die wet die werklikheid van God se liefde weerspieël?

❸ Hoekom behoort die kruis aan ons die nuttelosheid te toon om te probeer om die hemel te verdien?